Remgro
Beperk

Remgro Beperk

Omsendbrief aan aandeelhouers

Ruil van aandele in Billiton plc en Gold Fields Beperk vir aandele in FirstRand Beperk

Ruil van aandele in FirstRand Beperk vir aandele in RMB Holdings Beperk

25 Januarie 2001

RAND AKSEPBANK
KORPORATIEWE FINANSIERING
'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk

Hofmeyr
Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ingelyf
Registrasienommer 1997/001523/21

PRICEWATERHOUSECOOPERS
PricewaterhouseCoopers Ing.
Geoktrooieerde Rekenmeesters (SA)
Geregistreerde Rekenmeesters en Ouditeure
(Registrasienommer 1998/012055/21)

Korporatiewe inligting

Direkteure

Johann Rupert *(Voorsitter)**
M H Visser *(Ondervoorsitter en Hoof Uitvoerende Beampte)*
P E Beyers*
W E Bührmann
G D de Jager*
J W Dreyer*
P J Erasmus*
D M Falck
E de la H Hertzog*
E Molobi*
J A Preller
P G Steyn*
T van Wyk

** nie-uitvoerend*

Remgro Beperk

(voorheen Rembrandt S.A. Beperk)
Coetzierstraat
Stellenbosch
(Posbus 456, Stellenbosch, 7599)
Sekretaris: J C Engelbrecht

FirstRand Beperk

17de Verdieping
Merchant Place 1
h/v Fredmanrylaan en Rivoniaweg
Sandton
(Posbus 786273, Sandton, 2146)

RMB Holdings Beperk

17de Verdieping
Merchant Place 1
h/v Fredmanrylaan en Rivoniaweg
Sandton
(Posbus 786273, Sandton, 2146)

Aksepbank

Rand Aksepbank
'n Afdeling van FirstRand Bank Beperk
Merchant Place 1
h/v Fredmanrylaan en Rivoniaweg
Sandton
(Posbus 786273, Sandton, 2146)

Prokureurs

Hofmeyr Herbstein & Gihwala Ing.
Sandown Valleisingel 6
Sandown
(Privaatsak X40, Benmore, 2010)

Rekenmeesters

PricewaterhouseCoopers Ing.
Sanbel
Ou Paarlweg 2
Bellville
(Posbus 168, Bellville, 7535)

Oordragsekretarisse

Computershare Services Beperk
2de Verdieping, Edura-huis
41 Foxstraat
Johannesburg
(Posbus 61051, Marshalltown, 2107)

Hierdie omsendbrief is ook in Engels by bostaande adresse beskikbaar.

Inhoud

Korporatiewe inligting

Definisies in hierdie omsendbrief gebruik 2

AFDELING 1 – DIE TRANSAKSIE 3

1. Inleiding 3
2. Besonderhede van die hulpbronruiling 3
3. Rede vir die transaksie 3
4. Besonderhede van die verkrygings 4
5. Moontlike uitreiking van nog RMBH-aandele 4
6. Finansiële uitwerking van die transaksie 5
7. Finansiële inligting 5
8. Remgro se vooruitsigte 5
9. Direkteure se mening oor die transaksie 5

AFDELING 2 – ANDER INLIGTING 6

1. Direkteure se belang in aandele en transaksies 6
2. Regsgedinge deur of teen FirstRand en RMBH 6
3. Bedryfskapitaal 6
4. Wesentlike veranderinge 6
5. Deskundige se instemming 6
6. Direkteure se verklaring van verantwoordelikheid 6

BYLAES

1. Pro forma netto batestaat 7
2. Rekenmeesters se verslag oor netto batestaat 8
3. Opgesomde balans- en inkomstestate van Billiton 10
4. Opgesomde balans- en inkomstestate van Gold Fields 13
5. Opgesomde balans- en inkomstestate van FirstRand 15
6. Opgesomde balans- en inkomstestate van RMBH 17

Definisies in hierdie omsendbrief gebruik

In hierdie omsendbrief, tensy anders vermeld:

- verwys enkelvoud ook na meervoud en omgekeerd;
- sluit woorde wat een geslag aandui ook die ander geslag in;
- maak woorde of uitdrukkings wat verwys na natuurlike persone ook voorsiening vir regspersone en assosiasies van persone;
- het die woorde in die eerste kolom die betekenis soos in die tweede kolom weergegee.

"Anglo American"	Anglo American plc (registrasienommer 3564138), 'n maatskappy geïnkorporeer in Engeland en Wallis en genoteer op die Londense Aandelebeurs, met 'n sekondêre notering op die JSE;
"Billiton"	Billiton plc (registrasienommer 3196209), 'n maatskappy geïnkorporeer in Engeland en Wallis en genoteer op die Londense Aandelebeurs, met 'n sekondêre notering op die JSE;
"De Beers"	De Beers Consolidated Mines Beperk (registrasienommer 1888/000007/06), 'n maatskappy geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika en genoteer op die JSE;
"FirstRand-ruilaandele"	424 863 144 aandele van een sent elk in die kapitaal van FirstRand wat deur Remgro van Anglo American verkry is en oorgedra word na RMBH in ruil vir RMBH-vergoedingsaandele;
"FirstRand-aandele"	Aandele van een sent elk in die kapitaal van FirstRand;
"FirstRand"	FirstRand Beperk (registrasienommer 1966/010753/06), 'n maatskappy geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika en genoteer op die JSE;
"Gold Fields"	Gold Fields Beperk (registrasienommer 1968/004880/06), 'n maatskappy geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika en genoteer op die JSE;
"die hulpbronruiling"	die transaksie aangegaan tussen Remgro, Anglo American en De Beers ingevolge waarvan Remgro sy belange in Billiton en Gold Fields ruil vir 'n gedeelte van die FirstRand-aandele wat deur Anglo American en De Beers gehou word;
"JSE"	die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika;
"omsendbrief"	hierdie gebinde dokument en sy bylae;
"Remgro" of "die maatskappy"	Remgro Beperk (voorheen Rembrandt S.A. Beperk) (registrasienommer 1968/006415/06), 'n maatskappy geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika en genoteer op die JSE;
"RMBH-vergoedingsaandele"	274 109 670 nuwe RMBH-aandele wat deur RMBH aan Remgro uitgereik gaan word as vergoeding vir die FirstRand-ruilaandele;
"RMBH senior bestuur"	mnre G T Ferreira, L L Dippenaar en P K Harris;
"RMBH-aandele"	Aandele van een sent elk in die kapitaal van RMBH;
"RMBH se ander bates"	die beleggings en verpligtinge wat RMBH het, met die uitsondering van FirstRand maar met inbegrip van Global Resorts SA (Eiendoms) Beperk, OUTsurance Insurance Company Beperk, RMB Structured Insurance Beperk en Glenrand M.I.B. Beperk;
"RMBH"	RMB Holdings Beperk (registrasienommer 1987/005115/06), 'n maatskappy geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika en genoteer op die JSE;
"die transaksie"	die verkrygings en die hulpbronruiling gesamentlik; en
"verkrygings"	die verkryging deur Remgro van FirstRand se ruilaandele en die RMBH-vergoedingsaandele.

Inligtingsbrief aan Remgro-aandeelhouers

AFDELING 1 – DIE TRANSAKSIE

1. Inleiding

Op 7 Desember 2000 is in die pers aangekondig dat Remgro, Anglo American en De Beers ooreengekom het dat Anglo American en De Beers 'n gedeelte van hul FirstRand-aandele sal ruil vir al die aandele wat deur Remgro in Billiton en Gold Fields gehou word.

Daar is ook aangekondig dat Remgro met RMBH ooreengekom het om 'n gedeelte van die FirstRand-aandele wat van Anglo American en De Beers ontvang word, te ruil vir nuwe aandele in RMBH, wat sal beteken dat Remgro aandele in beide FirstRand en RMBH sal hou.

Hierdie omsendbrief word slegs as inligting aan Remgro-aandeelhouers gestuur en om hul oor die besonderhede van die transaksie in te lig.

2. Besonderhede van die hulpbronruiling

Remgro, Anglo American en De Beers het ooreengekom dat:

- Anglo American 834 008 267 FirstRand-aandele en De Beers 98 491 733 FirstRand-aandele aan Remgro beskikbaar sal stel;
- in ruil vir die FirstRand-aandele sal Remgro 165 248 324 Billiton-aandele en 51 134 914 Gold Fields-aandele aan Anglo American oorhandig en 24 726 874 Billiton-aandele aan De Beers.

Na die hulpbronruiling sal Remgro 932 500 000 FirstRand-aandele hou, wat gelykstaande is aan nagenoeg 17% van FirstRand se uitgereikte aandelekapitaal.

Die effektiewe datum vir die hulpbronruiling is 1 Januarie 2001.

3. Rede vir die transaksie

Ten einde:

- 'n beter fokus in Remgro se beleggingsportefeulje te bewerkstellig; en
- beleggings in mynkommoditeite, waar beleggingsopbrengste wesentlik deur kommoditeitsiklusse beïnvloed kan word, te ruil vir 'n belang in 'n voorste finansiëledienstegroep,

het die direksie dit wenslik geag om Remgro se bestaande beleggings in Billiton en Gold Fields vir 'n belang in FirstRand en RMBH te ruil.

Remgro is 'n beleggingshouermaatskappy met strategiese belange in 'n aantal besighede. Die verkryging van 'n belang in FirstRand weerspieël Remgro se volgehoue soeke na beleggingsgeleenthede met waarneembare langtermynpotensiaal. Remgro belê waar dit moontlik is om waarde toe te voeg en die strategiese koers van die onderliggende besighede te beïnvloed.

Om hom in staat te stel om 'n strategiese inset by FirstRand te lewer, en om hom in nouer verband te bring met RMBH, FirstRand se belangrikste aandeelhouer, het Remgro met RMBH ooreengekom om die FirstRand-ruilingsaandele vir RMBH-vergoedingsaandele te ruil.

Na die implementering van die transaksie sal RMBH se groepstruktuur soos volg lyk:



4. Besonderhede van die verkrygings

Soos uiteengesit in paragraaf 3, belê Remgro in besighede waar dit 'n strategiese bydrae kan lewer. Gevolglik het Remgro met RMBH ooreengekom dat van die 932 500 000 FirstRand-aandele wat van Anglo American ontvang word, Remgro 424 863 144 FirstRand-aandele sal ruil vir 274 109 670 nuwe RMBH-aandele. Na die verkrygings sal Remgro 'n belang van 9,32% in FirstRand en 23,08% in RMBH hê, terwyl RMBH se belang in FirstRand van 25,03% tot 32,83% sal toeneem.

Die verkrygings is onderhewig daaraan dat RMBH se aandeelhouers op 'n algemene vergadering die uitreiking van die RMBH-aandele aan Remgro goedkeur. Na verwagting sal die algemene vergadering van RMBH-aandeelhouers op Vrydag, 9 Februarie 2001 gehou word en die nuwe RMBH-aandele op Maandag, 12 Februarie 2001 op die JSE genoteer word.

Mits die uitreiking van RMBH-aandele goedgekeur word op die algemene vergadering van RMBH-aandeelhouers, sal Remgro geregtig wees om twee direkteure elk in die direksies van FirstRand en RMBH aan te stel. Aandeelhouers sal ingelig word sodra sulke aanstellings gemaak word. Die direksie van Remgro sal nie as gevolg van die transaksie gewysig word nie.

5. Moontlike uitreiking van nog RMBH-aandele

Deur in te skryf op RMBH-vergoedingsaandele, verkry Remgro effektief 'n proporsionele belang in RMBH se ander bates. Sommige van hierdie bates is nog in 'n ontwikkelingsfase en sal oor die volgende drie jaar verdere pogings verg om die waarde daarvan te ontsluit.

RMBH en Remgro het ooreengekom dat, indien die waarde van RMBH se ander bates (op R374 miljoen deur RMBH se bestuur gewaardeer vir die doel van die transaksie) of die opbrengs van die verkoop daarvan aan die einde van drie jaar laer is as die waarde wat RMBH daarvoor geprojekteer het, RMBH bykomende RMBH-aandele aan Remgro sal uitreik teen die pari-waarde van een sent elk sodat:

– die maksimum aantal bykomende RMBH-aandele wat ingevolge hierdie ooreenkoms uitgereik mag word, 10,7 miljoen sal wees in die geval waar die waarde van RMBH se ander bates op 31 Desember 2003 nul is; en
– die aantal RMBH-aandele wat uitgereik word, op 'n pro rata grondslag verminder ooreenkomstig die waarde van RMBH se ander bates en geen bykomende aandele uitgereik word wanneer die waarde van RMBH se ander bates gelyk is aan of meer as die geprojekteerde waarde is nie.

6. Finansiële uitwerking van die transaksie

Die finansiële uitwerking van die transaksie op Remgro-aandeelhouers word in die tabel hieronder aangedui.

	Voor die transaksie[1] (sent)	Na die transaksie[2] (sent)	Persentasie verandering
Wesensverdienste per aandeel	480,50	497,41	3,5
Netto batewaarde per aandeel	2 405	2 874[3]	19,5

Aantekeninge:

1. *Gegrond op pro forma finansiële inligting van Remgro vir die jaar geëindig 31 Maart 2000.*
2. *In die veronderstelling dat die transaksie geïmplementeer is:*
   - *vir wesensverdienste per aandeel, op 1 April 1999; en*
   - *vir netto batewaarde per aandeel, op 31 Maart 2000.*
3. *Vir die doeleindes van hierdie berekening is veronderstel dat RMBH se vergoedingsaandele uitgereik word teen die sluitingsprys op Maandag, 4 Desember 2000, naamlik R10,45. Gegrond op die veronderstellings hierbo, verteenwoordig die toename in Remgro se netto batewaarde per aandeel die kapitaalwins wat gemaak word op die verkoop van sy belange in Billiton en Gold Fields. Die netto batewaarde per aandeel na afloop van die transaksie sluit klandisiewaarde in wat verband hou met die verkryging van belange in FirstRand en RMBH en dit sal oor twintig jaar geamortiseer word.*

'n Pro forma netto batestaat vir Remgro, wat die uitwerking van die transaksie op die netto batewaarde van Remgro uiteensit, is by hierdie omsendbrief aangeheg as Bylae 1, terwyl die verslag oor die pro forma netto batestaat deur PricewaterhouseCoopers aangeheg is as Bylae 2.

7. Finansiële inligting

Opgesomde balans- en inkomstestate van:

- Billiton en Gold Fields vir die drie voorafgaande finansiële jare, soos op 30 Junie, word onderskeidelik as Bylae 3 en 4 aangeheg; terwyl dié van
- FirstRand en RMBH vir die twee voorafgaande finansiële jare, soos op 30 Junie, as Bylae 5 en Bylae 6 onderskeidelik aangeheg is.

In die geval van FirstRand en RMBH word slegs finansiële inligting vir twee jaar gegee aangesien die totstandkoming van FirstRand gedurende die 1998-boekjaar meegebring het dat die geouditeerde finansiële inligting vir daardie jaar nie vergelykbaar is met die 1999- en 2000-boekjare nie.

8. Remgro se vooruitsigte

Remgro sal voortgaan om voordeel te trek uit die herstrukturering wat in baie van sy onderliggende beleggings plaasvind en is ook goed geplaas vir enige beduidende opswaai in die ekonomie. Remgro se fokus sal wees om geleenthede te soek om verdere waarde uit sy beleggings te ontsluit. Hierdie strategie sal gevolg word saam met ander aandeelhouers en/of vennote na gelang dit wenslik geag word.

9. Direkteure se mening oor die transaksie

Die direksie van Remgro het die voorwaardes van die transaksie oorweeg en meen dat Remgro-aandeelhouers sal baat vind by die waarde wat inherent in FirstRand en RMBH is.

AFDELING 2 – ANDER INLIGTING

1. Direkteure se belange in aandele en transaksies

Op Vrydag, 19 Januarie 2001, synde die laaste praktiese datum voor die finalisering van hierdie omsendbrief, het die direkteure van Remgro gesamentlik, tot hul voordeel, 3 086 779 Remgro gewone aandele gehou. Hiervan is 358 633 aandele direk gehou en 2 728 146 indirek. Geen direkteur hou sonder enige voordeel aandele nie en geen enkele direkteur hou meer as 1% van die uitgereikte gewone aandelekapitaal van Remgro nie.

Johann Rupert is 'n inkomstebevoordeelde van die Anton Rupert Trust, 'n diskresionêre trust wat die aandele in Rembrandt Trust (Eiendoms) Beperk besit. Rembrandt Trust is die eienaar van die ongenoteerde B-aandele in Remgro.

Geen direkteur van Remgro is, of was, betrokke by enige transaksie wat:

- van 'n buitengewone aard is, of was, of buitengewone voorwaardes bevat het nie; of
- wesentlik ten opsigte van die besigheid van Remgro was; en
- gedurende die finansiële jaar wat op 1 April 2000 begin het, in werking getree het, of in enige vorige finansiële jaar, en wat in enige opsig nog uitstaande of onverrig is nie.

2. Litigasie deur of teen FirstRand of RMBH

Nóg FirstRand nóg RMBH is betrokke by enige regs- of arbitrasiegedinge buiten litigasie in die normale gang van FirstRand se banksake en die direkteure van daardie maatskappye is nie bewus van enige sodanige gedinge wat hangende is of 'n bedreiging inhou en wat gedurende die laaste twaalf maande 'n wesentlike invloed kon hê, of gehad het, op die posisie van enige van die maatskappye nie.

3. Bedryfskapitaal

Die direkteure van Remgro meen dat die maatskappy se bedryfskapitaal na die implemetering van die transaksie voldoende sal wees vir sy eie behoeftes en dié van sy filiale in die afsienbare toekoms.

4. Wesentlike veranderinge

Benewens die herstrukturering van die Rembrandt Groep van maatskappye, wat deur aandeelhouers van Rembrandt Groep Beperk, Rembrandt Beherende Beleggings Beperk, Tegniese Beleggingskorporasie Beperk en Tegniese en Industriële Beleggings Beperk op 21 September 2000 goedgekeur en tot die daarstelling van Remgro en VenFin Beperk gelei het, was daar geen wesentlike veranderinge in die finansiële of bedryfsposisie van die maatskappy of sy filiale sedert die einde van die finansiële jaar op 31 Maart 2000 nie. Aandeelhouers word verwys na die omsendbrief met besonderhede van die herstrukturering wat op 30 Augustus 2000 aan aandeelhouers gepos is, asook na Remgro se tussenverslag wat op 23 November 2000 gepubliseer is.

5. Deskundige se instemming

PricewaterhouseCoopers Ing het sy instemming gegee, en dit nie onttrek nie, vir die publisering van sy verslag in die vorm van Bylae 2 tot hierdie omsendbrief.

6. Direkteure se verklaring van verantwoordelikheid

Die direkteure van Remgro:

- het alle feite en menings in hierdie omsendbrief oorweeg;
- aanvaar gesamentlik en afsonderlik volle verantwoordelikheid vir die akkuraatheid van sodanige inligting; en
- verklaar dat, na die beste van hul kennis en wete, daar geen weglating van wesentlike feite of oorwegings was wat die inhoud van hierdie omsendbrief vals of misleidend maak nie en dat hulle billike navrae in dié verband gedoen het.

Stellenbosch
25 Januarie 2001

Pro forma netto batestaat van Remgro

Die onderliggende belange van Rembrandt Groep Beperk ("Rembrandt") is herskik in twee aparte maatskappye, Remgro en VenFin Beperk ("VenFin"), met ingang van 1 April 2000. Die gekonsolideerde pro forma syfers in die netto batestaat van Remgro *"voor die transaksie"* is gegrond op die geouditeerde finansiële state van Rembrandt vir die jaar geëindig 31 Maart 2000 en verteenwoordig die syfers van Rembrandt nadat 'n aanpassing gemaak is vir die verdeling van bates tussen Remgro en VenFin wat ingevolge die Rembrandt-herstrukturering aan VenFin Beperk oorgedra is.

Hierdie pro forma netto batestaat is slegs ter verduideliking opgestel.

Die pro forma gekonsolideerde netto batestaat *"na die transaksie"* is gegrond op die aanname dat die transaksie op 31 Maart 2000 plaasgevind het.

Op 31 Maart 2000	**Pro forma *Voor die transaksie* (R'm)**	**Aansuiwerings (R'm)**	**Pro forma *Na die transaksie* (R'm)**
Bates			
Nie-bedryfsbates			
Vaste eiendom, masjinerie en toerusting	2 349		2 349
Klandisiewaarde	–	3 505	3 505
Beleggings	10 810	(1 056)	9 754
Lenings	11		11
	13 170	**2 449**	**15 619**
Bedryfsbates	**2 283**		**2 283**
Voorraad	468		468
Handelskrediteure	763		763
Belasting	18		18
Kontantmiddele	1 034		1 034
Totale bates	**15 453**	**2 449**	**17 902**
Ekwiteit en laste			
Kapitaal en reserwes			
Belang van eie lede	12 556	2 449	15 005
Belang van buite-aandeelhouers	809		809
Totale aandeelhouersbelang	**13 365**	**2 449**	**15 814**
Nie-bedryfslaste	**296**		**296**
Rentedraende skuld	254		254
Uitgestelde belasting	42		42
Bedryfslaste	**1 792**		**1 792**
Rentedraend	149		149
Debiteure	1 467		1 467
Voorsienings	136		136
Belasting	40		40
Totale ekwiteit en laste	**15 453**	**2 449**	**17 902**

Verslag deur PricewaterhouseCoopers oor die netto batestaat van Remgro

"Die Direkteure
Remgro Beperk
Coetzierstraat
Stellenbosch
7599

22 Januarie 2001

Geagte menere

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE VERSLAGDOENENDE REKENMEESTERS OOR DIE PRO FORMA BALANSSTAAT VAN REMGRO BEPERK ("Remgro")

1. Inleiding

Ons doen verslag oor die ongeouditeerde pro forma balansstaat soos uiteengesit in bylae 1 van die omsendbrief aan aandeelhouers gedateer 25 Januarie 2001 of om en by daardie datum. Die pro forma balansstaat is slegs vir toeligtingsdoeleindes voorberei om inligting te verskaf oor watter uitwerking die transaksie op die gekonsolideerde finansiële posisie van Remgro sou gehad het indien dit op 31 Maart 2000 in werking was.

Op u versoek, en vir die doel van die transaksie, bied ons die verslag oor die pro forma finansiële posisie van Remgro aan in ooreenstemming met die Noteringsvereistes van die JSE Sekuriteitebeurs Suid-Afrika.

2. Verantwoordelikhede

Die direkteure alleen is verantwooordelik vir die opstel van die pro forma balansstaat waarna hierdie verslag van die verslagdoenende rekenmeersters verwys, sowel as vir die finansiële state en finansiële inligting waaruit dit voorberei is.

Dit is ons verantwoordelikheid om 'n mening te vorm oor die *pro forma* balansstaat en om oor daardie mening aan u verslag te doen. Ons aanvaar nie verantwoordelikheid vir enige verslae wat ons in die verlede uitgereik het ten opsigte van enige finansiële inligting wat gebruik is in die samestelling van die pro forma balansstaat nie, buiten teenoor diegene aan wie sulke verslae gerig was by uitreiking.

3. Grondslag van mening

Ons werk, wat vir die doel van hierdie verslag nie enige onafhanklike ondersoek van die onderliggende finansiële inligting behels het nie, het primêr daaruit bestaan om die aangepaste finansiële inligting in ooreenstemming met die geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate van Remgro te bring, om die gegewens wat die aanpassings ondersteun, te oorweeg en om die pro forma balansstaat met die direkteure van Remgro te bespreek.

Omdat bogenoemde prosedures nie 'n oudit of 'n oorsig verteenwoordig wat in ooreenstemming met Suid-Afrikaanse Ouditeringstandaarde gedoen is nie, kan ons geen versekering gee ten opsigte van die pro forma balansstaat nie.

Indien ons ander prosedures uitgevoer het, of 'n oudit of 'n oorsig van die finansiële state gedoen het volgens die riglyne van die Suid-Afrikaanse Ouditeringstandaarde, kon ander sake onder ons aandag gekom het wat ons aan u sou gerapporteer het.

4. Mening

Volgens ons mening:

- is die pro forma balansstaat behoorlik saamgestel op die grondslag soos aangedui;
- is sodanige grondslag in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid van Remgro; en
- is die aanpassings toepaslik vir die doel van die pro forma balansstaat, soos bekend gemaak, asook in terme van die ooreenkoms rakende die transaksie.

Vriendelik die uwe

PricewaterhouseCoopers Ing
Geregistreerde rekenmeesters en ouditeure
Geoktrooieerde rekenmeesters (SA)"

Opgesomde finansiële inligting oor Billiton

Die opgesomde gekonsolideerde balansstate, inkomstestate en kontantvloeistate hieronder is uittreksels uit Billiton se geouditeerde finansiële jaarverslae vir die jare geëindig op 30 Junie 1998, 1999 en 2000.

Balansstate

	2000 VSA$'m	**1999 VSA$'m**	**1998 VSA$'m**
Vaste bates			
Ontasbare bates – klandisiewaarde	82	77	–
– negatiewe klandisiewaarde	(157)	(188)	–
	(75)	(111)	
Tasbare bates	6 245	5 725	4 681
Beleggings – filiale	–	–	–
– gesamentlike ondernemings	140	130	162
– aandeel in bruto bates	756	750	670
– aandeel in bruto laste	(616)	(620)	(508)
– lenings aan gesamentlike ondernemings en ander beleggings	334	313	330
	6 644	6 057	5 173
Bedryfsbates			
Voorraad	623	610	544
Debiteure	855	926	828
Beleggings	109	101	140
Kontant plus geldmarkdeposito's	806	480	1 978
	2 393	2 117	3 490
Krediteure – bedrae verskuldig binne een jaar	(1 516)	(1 376)	(1 370)
Netto bedryfsbates	877	741	2 120
Totale bates *minus* bedryfsbates	7 521	6 798	7 293
Krediteure – bedrae verskuldig na meer as een jaar	(1 643)	(1 230)	(1 151)
Voorsienings vir laste en koste	(507)	(561)	(486)
Netto bates	5 371	5 007	5 656
Belange van minderheidsaandeelhouers	(397)	(369)	(1 074)
Toeskryfbare netto bates	4 974	4 638	4 582
Kapitaal en reserwes			
Opgeroepte aandelekapitaal	1 069	1 069	1 069
Aandelepremie-rekening	27	27	1 277
Wins- en verliesrekening	3 996	3 658	2 236
Belang in aandele van Billiton plc	(118)	(116)	–
Aandeelhouersfondse	4 974	4 638	4 582

Gekonsolideerde wins- en verliesrekenings

	2000 VSA$'m	1999 VSA$'m	1998 VSA$'m
Omset insluitende aandeel in omset van gesamentlike ondernemings			
Groepproduksie	4 766	4 320	4 935
Handelsbedrywighede	784	854	1 125
	5 550	5 174	6 060
Minus: aandeel in gesamentlike ondernemings se omset hierbo ingesluit	(559)	(552)	(614)
Groepomset	4 991	4 622	5 446
Omset van Groepproduksie (gesamentlike ondernemings uitgesluit)	4 241	3 834	–
Verwante bedryfskoste	(3 571)	(3 347)	(4 808)
Bedryfswins van Groepproduksie	670	487	–
Bedryfswins van handelsbedrywighede	18	5	–
Groepbedryfswins	688	492	638
Aandeel in bedryfswins van gesamentlike ondernemings	162	158	173
Totale bedryfswins insluitende aandeel in wins van gesamentlike ondernemings	850	650	811
Inkomste uit ander vastebatebeleggings	8	12	8
Netto finansieringskoste – Groep	(11)	(62)	37
– Gesamentlike ondernemings	(10)	(22)	(18)
Wins op gewone bedrywighede voor belasting	837	578	838
Belasting op wins op gewone bedrywighede	(217)	(132)	(254)
Wins op gewone bedrywighede na belasting	620	446	584
Belang van minderheidsaandeelhouers	(43)	(63)	(103)
Toeskryfbare wins	577	383	481
Dividende aan aandeelhouers	(232)	(218)	(225)
Teruggehoue wins vir die finansiële jaar	345	165	256
Verdienste per gewone aandeel (basies en verwater) (sent)	27,8	18,2	22,9
Dividende per gewone aandeel (sent)	11,25	10,5	10,5

Gekonsolideerde kontantvloeistaat

	2000 VSA$'m	1999 VSA$'m	1998 VSA$'m
Netto kontant van Groep se bedryfsaktiwiteite	1 040	795	1 098
Dividende ontvang van gesamentlike ondernemings	98	105	–
Opbrengs op beleggings en finansieringskoste	(145)	(126)	(118)
Belasting	(140)	(119)	(123)
Kapitaalbesteding en finansiële belegging	(896)	(579)	(494)
Verkrygings en vervreemdings	(34)	(1 155)	(87)
Ekwiteitsdividende betaal	(223)	(223)	(75)
Netto kontantvloei voor die bestuur van likwiede hulpbronne en finansiering	(300)	(1 302)	201
Bestuur van likwiede hulpbronne	(232)	1 394	(1 378)
Finansiering	643	(299)	1 459
Toename/(Afname) in kontant gedurende jaar	111	(207)	282
Rekonsiliasie van netto kontantvloei met beweging in netto skuld			
Toename/(Afname) in kontant gedurende jaar	111	(207)	282
Kontantvloei uit skuld en bruikhuurfinansiering	(645)	183	(54)
Kontantvloei uit die bestuur van likwiede hulpbronne	232	(1 394)	1 378
Veranderinge in netto skuld uit kontantvloei	(302)	(1 418)	1 606
Geldmarkdeposito's en lenings verkry saam met filiale	–	(42)	(15)
Nuwe finansieringsbruikhuur	–	–	(13)
Ander nie-kontantbewegings	7	(15)	–
Wisselkoersaanpassings	84	12	187
Beweging in netto skuld	(211)	(1 463)	1 765
Netto (skuld)/fondse aan die begin van die jaar	(972)	491	(1 274)
Netto (skuld)/fondse aan die einde van die jaar	(1 183)	(972)	491

Opgesomde finansiële inligting oor Gold Fields

Die opgesomde gekonsolideerde balansstate, inkomstestate en kontantvloeistate hieronder is uittreksels uit Gold Fields se geouditeerde finansiële jaarstate vir die jare geëindig 30 Junie 1998, 1999 en 2000. Die inkomstestaat en die kontantvloeistaat vir die jaar geëindig 30 Junie 1998 is op 'n pro forma grondslag saamgestel om die samesmelting van die goudbelange van Gencor Beperk en Gold Fields of South Africa Beperk te weerspieël wat op 1 Januarie 1998 in werking getree het.

Groepbalansstate

	2000 R'm	1999 R'm	1998 R'm
Aandeelhouersekwiteit	8 214,4	7 417,6	7 500,6
Belang van buite-aandeelhouers	203,2	237,0	268,0
Uitgestelde belasting	3 535,3	3 767,6	3 005,7
Langtermynlaste	135,4	99,1	563,5
Langtermynvoorsienings	544,3	556.0	–
	12 632,6	12 077,3	11 337,8
Verteenwoordig deur:			
Vaste bates	12 326,8	12 206,0	10 617,2
Beleggings	244,1	180,4	674,8
Nie-bedryfbates	128,3	91,9	–
Netto bedryfslaste	(66,6)	(401,0)	(89,5)
Bedryfsbates	1 079,7	847,6	1 063,2
Voorraad	320,4	217,0	228,5
Debiteure	244,4	375,1	228,8
Kontantmiddele	514,9	255,5	605,9
Bedryfslaste	1 146,3	1 248,6	1 017,4
Krediteure	984,1	962,8	808,0
Belasting	94,5	79,0	38,6
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	67,7	–	35,5
Korttermynlenings	–	72,3	135,3
Dividende betaalbaar	–	134,5	–
	12 632,6	12 077,3	11 337,8

Groepinkomstestate

Omset	7 065,3	5 731,2	4 754,8
Koste van verkope	6 236,7	4 720,8	4 979,7
Bedryfswins	828,6	1 010,4	(224,9)
Ander inkomste	117,1	221,2	122,0
Sake-ontwikkeling	(74,3)	(86,4)	(64,3)
Uitsonderlike items	(270,1)	(2 706,7)	51,1
Wins/(Verlies) voor belasting	601,3	(1 561,5)	(103,6)
Myn- en inkomstebelasting	(38,5)	(826,2)	11,1
Wins/(Verlies) na belasting	639,8	(735,3)	(114,7)
Belang van minderheidsaandeelhouers	(10,9)	(12,0)	(2,7)
Netto verdienste/(verlies)	650,7	(747,3)	(117,4)
Verdienste/(Verlies) per aandeel (sent)	144	(230)	(47,7)
Verdienste per aandeel voor verswakking van bates (sent)	156	382	–

Groepkontantvloeistate

	2000 R'm	1999 R'm	1998 R'm
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite	999,1	981,2	243,1
Kontant voortgebring deur bedrywighede	1 295,4	1 107,9	(7,6)
Beleggings- en rente-inkomste	72,7	202,4	123,1
Veranderings in bedryfskapitaal	55,0	(18,6)	433,9
Kontant voortgebring deur bedryfsaktiwiteite	1 423,1	1 291,7	549,4
Rente betaal	(20,5)	(46,1)	(14,5)
Belasting betaal	(178,3)	(141,4)	(32,5)
Netto kontant uit bedrywighede	1 224,3	1 104,2	502,4
Dividende betaal	(225,2)	(123,0)	(259,3)
Kontant benut in beleggingsaktiwiteite	(770,7)	(1 069,4)	(900,6)
Toevoegings tot vaste bates	(681,4)	(847,9)	(1 341,1)
Verkoop van bates	23,7	71,2	407,5
Netto effek van Driefontein-samesmelting	–	1 034,3	–
Terugbetaling van aankoopprys van mineraalbates	–	–	114,3
Aankoop van beleggings	(63,3)	–	(0,6)
Netto effek van verkoop van Evander Gold Mines Beperk	–	26,8	–
Belegging in trustfondse	(26,3)	(39,5)	–
Samesmeltingskoste	–	–	(80,7)
Aankoop van bates	–	(1 314,3)	–
Mediese fondsbetalings	(23,4)	–	–
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	31,0	(262,2)	390,7
Toename in minderheidsbefondsing	8,1	92,4	40,4
Langtermynlenings aangegaan/(afgelos)	88,8	(291,6)	343,7
Aandele uitgereik	6,4	–	–
Korttermynlenings terugbetaal	(72,3)	(63,0)	6,6
Netto kontant voortgebring/(benut)	259,4	(350,4)	(266,8)
Kontant en korttermynfondse aan die begin van die jaar	255,5	605,9	872,7
Kontant en korttermynfondse aan die einde van die jaar	514,9	255,5	605,9

Opgesomde finansiële inligting oor FirstRand

Die opgesomde gekonsolideerde balansstate, inkomstestate en kontantvloeistate hieronder is uittreksels uit FirstRand se geouditeerde finansiële jaarstate vir die jare geëindig op 30 Junie 1999 en 2000.

Balansstate

	2000 (R'm)	**1999 (R'm)**
BATES		
Bankbedrywighede	140 175,6	135 804,0
Kontant en korttermynfondse	8 309,4	11 684,2
Korttermyn verhandelbare effekte	14 469,8	10 642,1
Likwiede bates en handelseffekte	9 772,9	13 468,8
Effekte ingevolge herverkoopooreenkomste gekoop	2 434,3	5 278,3
Voorskotte	102 667,2	93 718,1
Ander beleggings	2 522,0	1 012,5
Versekeringsbedrywighede	60 990,7	53 553,7
Gedeponeerde fondse	7 930,0	8 160,3
Staats- en openbaresektor-effekte	4 800,1	5 645,5
Verbande, skuldbriewe en ander lenings	5 964,1	4 488,4
Polislenings	464,9	507,4
Aandelebeleggings	38 702,9	31 363,7
Eiendomsbeleggings	3 128,7	3 388,4
Bedryfsbates	5 036,3	4 143,1
Lenings	1 108,4	–
Beleggings in geassosieerde maatskappye	672,1	149,0
Afgeleide bates	10 900,3	4 694,4
Uitgestelde belasting	183,6	0,9
Klandisiewaarde	57,8	136,3
Eiendom en toerusting	3 666,5	3 582,8
Totale bates	222 791,3	202 064,2
LASTE EN AANDEELHOUERSFONDSE		
Laste		
Deposito's en tjekrekenings	117 559,3	115 391,5
Bedryfslaste	9 726,3	8 938,5
Belasting	161,4	376,5
Laste ten opsigte van afgeleide instrumente	14 189,2	5 444,6
Effekte ingevolge terugkoopooreenkomste verkoop	2 387,0	5 219,5
Uitgestelde belasting	1 555,6	1 158,5
Voorkeuraandele	150,0	–
Skuldbriewe en langtermynlaste	3 696,7	2 313,4
Lewensversekeringsfondse	58 591,3	51 689,5
Totale laste	208 016,8	190 532,0
Buite-aandeelhouersbelang	641,0	518,3
Aandeelhouersfondse		
Aandelekapitaal en aandelepremie	9, 594,9	8 486,5
Omskepbare skuldbriewe	350,0	350,0
Reserwes	4 188,6	2 177 4
Totale aandeelhouersfondse	14 133,5	11,013,9
Totale laste en aandeelhouersfondse	222 791,3	202 064,2
Voorsienings	14 181,2	13 282,6

Inkomstestate

	2000 (R'm)	1999 (R'm)
Netto inkomste na belasting		
Bankbedrywighede	2 320,9	1 954,7
Versekeringsbedrywighede	933,2	666,1
Houermaatskappy-uitgawes	(32,3)	(47,4)
Totale netto inkomste na belasting	3 221,8	2 573,4
Verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers van:		
Bankbedrywighede	(131,2)	(56,6)
Versekeringsbedrywighede	(34,8)	(28,3)
Netto inkomste na belasting toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	3 055,8	2 488,5
Verdienste per aandeel (sent)	56,1	45,7
Wesensverdienste per aandeel (sent)	54,1	45,6
Dividende per aandeel (sent)	19,0	15,5

Kontantvloeistate

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant voortgebring deur bedrywighede	11 454,3	13 066,5
Verandering in bedryfskapitaal	3 570,1	2 987,0
Kontantvloei uit bedrywighede	15 024,4	16 053,5
Belasting betaal	(897,8)	(977,9)
Dividende betaal	(925,7)	(653,4)
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	13 200,9	14 422,2
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Bankbeleggingsbedrywighede	(9 117,4)	(7 932,3)
Versekeringsbeleggingsbedrywighede	(8 625,9)	(7 330,3)
Opbrengs op verkoop van aandele in filiaal	143,7	–
Belegging in geassosieerdes	(139,0)	(18,5)
Netto aankope van toerusting	(600,7)	(570,3)
Netto kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite	(18 339,3)	(15 851,4)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Opbrengs op uitreiking van gewone aandele	–	(3,6)
Opbrengs op uitreiking van voorkeuraandele	150,0	–
Opbrengs op langtermynlenings	1 383,3	1 661,1
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	1 533,3	1 657,5
Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente	(3 605,1)	228,3
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	19 844,5	19 616,2
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	16 239,4	19 844,5

Opgesomde finansiële inligting oor RMBH

Die opgesomde gekonsolideerde balansstate, inkomstetate en kontantvloeistate is uittreksels uit RMBH se geouditeerde finansiële jaarstate vir die jare geëindig op 30 Junie 1999 en 2000.

Balansstate

	2000 (R'm)	1999 (R'm)
Bates		
Kontant en kontantekwivalente	462,0	70,8
Voorskotte	–	828,9
Debiteure	412,9	36,6
Beleggings	614,3	3,5
Belegging in geassosieerde maatskappye	5 983,3	5 565,0
Uitgestelde belasting	4,5	–
Vaste bates	10,6	8,1
Klandisiewaarde	1,1	–
Totale bates	7 488,7	6 512,9
Laste en aandeelhouersfondse		
Laste		
Befondsingsinstrumente	303,7	1 074,7
Krediteure en opgeloopte skuld	1 151,9	207,7
Uitgestelde belasting	17,1	–
Verpligting teenoor polishouers	14,5	–
Totale laste	1 487,2	1 282,4
Belang van buite-aandeelhouers	88,9	–
Aandeelhouersfondse		
Aandelekapitaal en premie	2 936,8	2 936,8
Reserwes	2 875,8	2 193,7
Omskepbare skuldbriewe	100,0	100,0
Totale aandeelhouersfondse	5 912,6	5 230,5
Totale laste en aandeelhouersfondse	7 488,7	6 512,9

Inkomstestate

Bedryfswins	54,6	(10,1)
Netto finansieringskoste	(15,4)	(27,4)
Wins voor belasting	39,2	(37,5)
Belasting	(4,6)	1,4
Bedryfswins na belasting	34,6	(36,1)
Aandeel in na-belaste resultate van geassosieerde maatskappye	863,8	650,8
Verdienste toeskryfbaar aan aandeelhouers	898,4	614,7
Verdienste toeskryfbaar aan buite-aandeelhouers	(10,9)	–
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	887,5	614,7
Wesensverdienste per aandeel (sent) – basies	88,50	67,25
Verdienste per aandeel (sent) – basies	97,14	67,44
Dividende per aandeel (sent)	30,00	25,10
– Tussentyds	9,30	7,30
– Slot	20,70	17,80

Kontantvloeistate

	2000 (R'm)	1999 (R'm)
Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant beskikbaar uit/(gebruik deur) bedrywighede	399,2	(360,6)
Kontantvloei uit finansiering		
Dividende betaal aan aandeelhouers	(247,6)	(207,4)
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Toename in beleggings	(236,0)	(192,1)
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Opbrengs op uitreiking van aandele	–	796,0
Buite-aandeelhouersbefondsing	4,6	–
Netto kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite	4,6	796,0
Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente	(79,8)	35,9
Kontant en kontantekwivalente bekom met verkryging van filiale	471,0	–
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	70,8	34,9
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	462,0	70,8

GEDRUK DEUR INCE (EDMS) BEPERK